




Wiskunde

Dag 4

7 Mei



Kom ons tel!

1. Tel tot 20. Swaai heupe kant toe op elke getal.

2. Tel terug van 10. Buig vorentoe op elke getal.

3. Kind hou sy oë toe terwyl...

Mamma kolletjies op kind se rug maak en hulle raai hoeveel.

Mamma getal op kind se rug skryf en kind identifiseer dit.



Maak eie flitskaarte

1. Leerder maak sy eie stel flitskaarte.
2. Knip A4 papiere sodat daar 20 blokkies is. Bv. 4 papiere in 6 blokkies, gooi ekstra weg.
3. Skryf op elke kaartjie die volgende:
 - Getalsimbool 1 tot 5
 - 1 tot 5 kolle
 - Getalnaam 1 tot 5 (wys voorbeeld om af te skryf)
 - 1 tot 5 prentjies (kan enige iets wees van diere, tot speelgoed teken)
4. Leerder flits die kaarte vir iemand in die huis en leerder sê of hulle reg of verkeerd is. Maak aspris foute om kind te toets en om genot te verskaf om mamma uit te vang.

Soektog speletjie



Mamma gee instruksie om iets spesifiek in die huis te soek. Leerder kom wys dit, en neem dit dadelik weer terug. Gee punt uit 10 aan die einde.

1. Wat rooi is...
2. Wat soos 'n driehoek lyk...
3. Wat sag is...
4. Wat soos 'n vierkant lyk...
5. Wat gebruik word wanneer jy eet...
6. Wat rond is...
7. Wat wiele het...
8. Wat gelees kan word...
9. 2 Sokkies wat pas...
10. Iets wat blou is...

Woordprobleme

Leerder kry 'n kryt en papier en teken prente van die volgende probleme en hoe dit opgelos kan word.

1. Daar staan 3 maatjies in die ry. 2 maatjies kom by. Hoeveel maatjies is daar nou in die ry?
2. Daar hang 4 appels in die boom. Twee appels val af. Hoeveel appels bly oor in die boom?
3. 4 Motors staan in die pad. Nog 1 kar kom staan in die pad. Hoeveel motors is daar nou?
4. 5 Katte lê op die bed. 2 Katte spring af. Hoeveel katte bly oor op die bed?

SPOGWERK, MAATJIE!

